HUISGELOOF

Paastyd 2019 Week 4

INLEIDING

Hierdie huisgeloof het twee afdelings:

- Die eerste afdeling is gemik op ‘n **gesin met laerskool kinders en jonger**. Dit sluit ook aan by die juniors se les van Sondag 19 Mei.
- Die tweede afdeling is gemik op ‘n met **tieners** en sluit aan by die tieners se tema van Sondagaand 19 Mei.
- Indien julle gesin kinders van **beide ouderdomme** het, kan julle een van die twee afdelings kies óf julle kan selfs twee huisgeloof-geleenthede hê in die week!

GESINNE MET LAERSKOOL KINDERS EN JONGER

Gratis, maar nie goedkoop nie

Lees saam

Romeine 1:16-17 en 3:23-24

Vertel

- Sê vir mekaar wat julle hoor in die verse.
- Die Hervormers het gesê: Net die Bybel, net genade, net geloof. Hoekom was hierdie drie dinge vir hulle so belangrik?

Uitdaging

- Ons help mekaar om die Bybel beter te verstaan. Hoe kan ons mekaar in die familie by die huis help hiermee?

GESINNE MET TIENERS

God se Revolusie

Lees saam

Matteus 13:31-33

Vertel

- Laat die tieners iets vertel wat vir hulle uitgestaan het van wat bespreek is Sondagaand.
- Laat hulle ook opsommend vir almal vertel waaroor die boodskap gegaan het.

Uitdaging

Koop mosterdsaadjies en kyk in ‘n boek of op die internet na foto’s van ‘n mosterdplant. Koop suurdeeg en meng dit met meel en water. Kyk hoe dit rys. Gesels oor die groot verskil wat Jesus in ons lewe maak, en oor hoe ons ‘n verskil in die wêreld kan maak.

“Uitdaging” gekry uit: “Wonderwêreld: Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God” deur Andries Cilliers, Anriëtte de Ridder, Melanie Thirion en Johann du Plessis. Beskikbaar by Bybelmedia